

VAN FRANS NA AFRIKAANS: 100 JAAR VAN BYNA EENRIGTING- VERTAALVERKEER

EQUITAS OUDITORIUM, UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

8 NOVEMBER 2017, 18:00

Literêre vertaling in die taalpaar Frans-Afrikaans is min of meer 100 jaar oud, die ouderdom van my moedertaal, Afrikaans. Vertaling impliseer altyd tweerigting-verkeer: van Frans na Afrikaans (die vertaal-kanon met die meeste titels, omdat daar tradisioneel na die vertaler se moedertaal vertaal word), en van Afrikaans na Frans, wat veel groter uitdagings bied, omdat vertaling nie alleen taalkennis nie, maar ook kennis van die Franse teikenkultuur en -letterkunde vereis. Die praktisyn Clifford Landers¹ stel dit as volg:

Beyond the question of fluency in other languages, however, lies the greater issue of cultural familiarity. [...] It takes years and extensive exposure to another culture to become conversant enough with it to translate its literature with confidence and accuracy. (p13)

So belangrik het kultuur in moderne vertaalstudies geword, dat die sogenaamde “cultural turn” of “kulturele wending” in die 1990’s die manier begin verander het waarop ons oor vertaling dink. Afrikaanssprekendes wat literêr in Frans vertaal (daar is twee), het jarelange blootstelling aan die Franse en/of Frankofone kultuur gehad en spesialiseer in ‘n periode, genre of register. Die meeste gepubliseerde vertalings uit Afrikaans in Frans is deur Franse gedoen, maar ook hulle is ‘n Gideonsbende: daar is drie, en op hierdie oomblik is hulle is ‘n dinastie sonder nageslag. Die driemanskap bestaan uit twee Franse, Pierre-Marie Finkelstein en Georges Lory, en ‘n Suid-Afrikaner wat in 1954 die land verlaat het, Donald Moerdijk. Hul belangstelling in Afrikaans en in die Afrikaanse literatuur was in die eerste plek polities en ideologies van aard: Moerdijk het as’t ware deur sy vertalings in ‘n leunstoel teruggereis na sy vaderland, terwyl Lory vertaling gesien as ‘n manier om deel te neem aan die anti-apartheidstryd. Finkelstein het Afrikaans geleer terwyl hy onderwys gegee het in Suid-Afrika. Al drie vertalers word met spesifieke Afrikaanse outeurs geassosieer (by gebrek aan tyd word slegs hul romanvertalings gelys; Finkelstein en Lory is egter ook bekend vir hul vertalings van

¹ Landers, Clifford. *Literary translation – a practical guide*. Multilingual Matters, Clevedon, 2001.

die poësie van Ingrid Winterbach, Ronelda Kamfer, Breyten Breytenbach, Sheila Cussons en Ingrid Jonker, om net ‘n paar te noem):

Donald Moerdijk word geassosieer met Marlene van Niekerk en Etienne van Heerden (die Franse publikasiedatums en literêre pryse verskyn tussen hakies):

Die stilte van Mario Salviati / Un long silence – Etienne van Heerden (2005)

Triomf – Marlene van Niekerk (2010)

Pierre-Marie Finkelstein word geassosieer met Karel Schoeman en Marlene van Niekerk:

Afskeid en vertrek / La saison des adieux – Karel Schoeman (2004; Prix Amphi 2006)

Na die beloofde land / Retour au pays bien-aimé – Karel Schoeman (2006)

Hierdie lewe / Cette vie – Karel Schoeman (Prix du meilleur livre étranger 2009)

Agaat – Marlene van Niekerk (2013)

Verliesfontein / Des voix parmi les ombres – Karel Schoeman (2014)

Georges Lory word geassosieer met Breyten Breytenbach, Dominique Botha en Deon Meyer:

Ikarus / En Vrille - Deon Meyer (2016)

False River / Valsrivier / Rivière fantôme - Dominique Botha (2016)

Wat opval in die vertaalrigting Afrikaans-Frans, is tekens van ‘n vertaalbeleid. Die skrywers het literêre pryse gewen; meer as een roman van dieselfde skrywer is vertaal (in die geval van Schoeman is daar reeds 5 vertalings, waarvan 4 deur dieselfde vertaler, wat ook mettertyd ‘n waarborg van deeglike vertaalwerk en leesplezier word); die vyfde Schoeman-titel, ‘n *Ander land / Another country* (die Engelse vertaling is deur David Schalkwyk) / *En étrange pays* (2007) is deur André Brink se Franse vertaler Jean Guiloineau uit Engels vertaal en is dus ‘n indirekte vertaling. Die romans verteenwoordig genres waarby die Franse leserspubliek aanklank vind (historiese romans, speurverhale, outobiografiese romans); daar is ook ‘n relatief kort tydsverloop tussen die publikasie van die bron- en teikentekste (veral in die geval van Deon Meyer en Dominique Botha). Dit gaan hier om ‘n vertaalpraktyk wat vertrou is met markvoorskrifte en die besluite van literêre keurkomitees respekteer. In sy raad aan vertalers beskryf Landers (2001:196) die tipe literêre tekste wat tradisioneel vir vertaling in aanmerking kom as volg, maar waarsku ook, as idealistiese praktisyn, teen die aanvaarde norme:

Read widely in [the] SL² for pleasure as well as business. (Publishers and agents never do this; they only know best-selling, controversial, or already translated foreign books.) Select a book using your own taste and judgment. (You may be the sole possessor of these qualities.)

Hierdie norme sal later onder die loep geneem word, wanneer daar besin word oor Afrikaanse tekste wat in die toekoms vertaal behoort te word. Ons fokus egter hier op die vertalers wat die proses moontlik maak. In kontemporêre vertaalstudies klim die vertaler skaamteloos uit die kas: waar hy of sy in die verlede dikwels nie eers op die titelblad genoem is nie, word daar nou konferensies gewy aan sy gemoedstoestand tydens die vertaalproses. (Om tyd te spaar, verwys ek van nou af na beide geslagte vertalers as “hy”; ek weet dit is nie die moderne tendens nie, maar dit is die voorskrif van die Franse Akademie wat in 1635 deur Kardinaal Richelieu gestig is en meer respek by my inboesem). Juis omdat daar so min vertalers uit Afrikaans in Frans is, is dit die moeite werd om biografiese inligting oor veral die Franse wat direk vertaal, in te win.

Die oudste van die Franse driemanskap is **Donald Moerdijk**. In 1954³ verlaat hy Suid-Afrika, ‘n land waar hy blykbaar van jongs af ongelukkig was, en woon sederdien in Frankryk. In haar proefskrif oor Franse vertalings van die romans van Etienne van Heerden, haal Johanna Steyn Moerdijk as volg aan oor sy houding teenoor Afrikaans:

Afrikaans is ‘n taal wat ek onder dwang en nie uit keuse aangeleer het nie, ‘n skoolverpligting in ‘n land waar dit gevoel het ek nie hoort nie en waar ek sonder raadpleging gebore is as die gevolg van swak keuses deur my Nieu-Seelandse, Skotse en Ierse grootouers en my ouers se huwelik, wat op daardie tydstip as ‘gemeng’ beskou is, ‘n land waarvan ek die regering gehaat en die tradisies geminag het.⁴

Steyn se proefskrif illustreer die dringendheid van persoonlike kontak met vertalers, want ‘n internetsoektog oor Moerdijk⁵ lewer byna geen inligting op nie, behalwe dat hy afgetree het in Fontenay-Saint-Cloud en dat enkele (tweedehandse) kopieë van sy Franse vertalings nog

² Source language (brontaal).

³ Steyn, Johanna. *‘n Direkte vertaling versus ‘n abbavertaling met verwysing na kulturele oordrag*. Universiteit van Stellenbosch, Maart 2014, p58.

⁴ Vertaling N Morgan (Donald Moerdijk antwoord in Frans). *L’afrikaans est une langue que j’ai apprise de force et non de gré, une obligation scolaire dans un pays auquel je ne me sentais pas vraiment appartenir, ou conséquence de choix mal avisés effectués par mes grands-parents néo-zélandais, écossais et irlandais, et du mariage (considéré à l’époque comme ‘interracial’) de mes parents – je suis né sans avoir été consulté – dont je détestais le gouvernement et dont je méprisais les us et coutumes*. (Steyn 2014 :59)

⁵ 18 Oktober 2017.

beskikbaar is, onder andere 'n laaste eksemplaar van *Un long silence (Die stilte van Mario Salviati)* deur Etienne van Heerden) by Abe Books. Moerdijk se verhuising na Frankryk het hom egter geen taalberusting gebring nie; hy beskryf sy aangeleerde taal, Frans, en sy moedertaal, Engels, as volg:

Maar Frans is ook nie my eie taal nie. Dis die taal waarin ek nou dink, sonder dat ek heeltemal aanklank by daardie denke vind, wat die uitdrukking is van die karakter wat ek speel eerder as die mens wat ek is, voel dit vir my. Maar wie is hierdie mens wat ek veronderstel is om te wees? Hierdie ek wat versteek is agter vreemde tale en maskers? Hierdie ek wat veronderstel is om Engelssprekend te wees, en met wie ek ook nie regtig meer ooreenstem nie?⁶

En dit is hier waar die praktyk van literêre vertaling soms intens menslike behoeftes kan bevredig, na 'n identiteit, 'n ruimte waar jy hoort en tuis voel, 'n teks wat jy nie self sou kon skryf nie, maar waarvan jy deur die vertaalproses die tweede outeur word op 'n kreatiewe manier wat nie altyd erken en herken word nie, en opgesom kan word deur een van die taalsosioloog Jaap Steyn se treffende titels, naamlik dat 'n tuiste soms net in 'n (eie) taal gevind kan word. In Moerdijk se geval was vertaling uit Afrikaans, sy tweede taal, 'n manier om die land wat hy verlaat het, weer in sy gees op te roep. Deur sy Franse vertaling van *Die stilte van Mario Salviati* vind hy dekades na sy vertrek uit Suid-Afrika weer sy plek, sy teks en sy taal. Sy Franse vertaling (in tandem met die Frans-Engelse vertaler Bernadette Lacroix) van Marlene van Niekerk se *Triomf* (die Afrikaanse titel is onveranderd gelaat) het 'n soortgelyke effek op hom gehad:

Sy [Van Niekerk] het my plek ingeneem, sy het geleef in die land wat ek verlaat het, gedoen wat ek moes gedoen het, as ek sou kon. En tog kon ek die verlore tyd inhaal. Hierdie teks, in 'n taal waarvan ek nie gehou het nie en wat ek binne myself ontdek het, 'n taal wat minder vreemd was as wat ek ooit sou kon vermoed, hierdie taal sou myne kon word, as ek dit kon transposeer in daardie ander vreemde taal wat ek skielik ook as my eie ontdek het en waarvan ek uiteindelik besit geneem het, na al die jare van dubbele ballingskap. 'n Baie vreemde ervaring.⁷

⁶ Vertaling N Morgan. *Mais le français n'est pas non plus ma langue à moi. C'est la langue dans laquelle je pense désormais, mais sans parvenir à adhérer complètement à cette pensée, qui me semble exprimer un personnage que je joue plutôt que la personne que je suis. Mais qui est-ce, cette personne qui m'est propre ? ce moi caché derrière ces langues et ces masques étrangers ? ce moi censément anglophone, avec lequel depuis longtemps je ne coïncide plus vraiment non plus ?* (Steyn 2014 :61)

⁷ Vertaling N Morgan. *Elle [Van Niekerk] m'avait remplacé, vécu à la place que j'avais quittée, fait ce que j'aurais dû faire, si j'avais pu. Cependant je pouvais me rattraper. Il pouvait devenir le mien, ce texte en cette langue mal-aimée que je découvris en moi-même, plus familière, moins étrangère que je ne l'aurais jamais*

Georges Lory, vertaler, diplomaat en joernalis, is in 1950 in Parys gebore, maar die gesin verhuis kort daarna na Brugge, waar hy aan 'n Vlaamse skool studeer; dit is hier waar sy belangstelling in Suid-Afrika geprikkel word. Hy voltooi sy studies in politieke wetenskap aan die Sorbonne in Parys; hy het ook grade in staatsleer en internasionale reg. In die Vlaamse skole word sy belangstelling in Suid-Afrika en in die Anglo-Boereoorlog geprikkel. Hy doen navorsing aan die Universiteit van Stellenbosch oor die verhouding tussen Afrikaner en Brit na afloop van die oorlog.

Sy loopbaan as diplomaat neem hom na die Ivoorkus, België en Suid-Afrika. Hy keer in 2013 terug na Parys, waar hy steeds voltyds vertaal. Lory is self ook 'n digter (ook in Afrikaans) en 'n kunstenaar soos Breyten Breytenbach, maar dit is as vertaler wat hy werklik naam gemaak het in die letterkundige wêreld. In 2010 wen Breyten Breytenbach die Max Jacob-prys vir *Oorblyfsel / Voice over*, deur Georges Lory vertaal as *Outre Voix / Voice Over (Actes Sud)*.

Lory is 9 tale magtig, te wete Afrikaans, Nederlands, Frans, Engels, Portugees, Spaans, Duits, Italiaans en het 'n basiese kennis van Sweeds. Die Nobelpryswêreld praat Sweeds; dit is die taal waarin Lory se Suid-Afrikaanse kandidaat, Breyten Breytenbach, vertaal moet word om in aanmerking te kom vir die wêreld se mees gesogte literêre prys. As Franse vertaler wat binne die gestruktureerde raamwerk van die Franse vertaalbeleid werk, is hy nie alleen 'n kampvegter vir die toekenning van die Nobelprys aan Breytenbach nie: dit is vir hom 'n bron van kommer dat daar nog nie 'n uitgebreide Suid-Afrikaanse kampanje geloods is om Breytenbach onder die aandag van die keurkomitee te bring nie. Dit impliseer in die eerste plek die vertaling van sy belangrikste werk in verskeie tale, en veral in Sweeds. Luister in hierdie verband na Georges Lory se musikale Franse vertaling van Breyten Breytenbach se gedig *Ek sal sterf en na my vader gaan*. (Die Afrikaanse bronteks en die Engelse vertaling deur 'n oud-UV kollega, Prof. Tony Ulliyatt, kan op die skerm agter my gevolg word).

je mourrai et j'irai vers mon père

à Wellington dans la lumière

là-bas les chambres sont lourdes et sombres

les étoiles se posent comme des mouettes sur le faîte du toit

dans le jardin les anges bêchent à la recherche de vers

soupçonné, si je le transposais en cette autre langue étrangère que du coup je découvrais également comme la mienne et que je m'appropriais enfin, après toutes ces années d'un double exil. Expérience très étrange.

*je mourrai et prendrai la route
avec peu de bagage
par-delà les montagnes de Wellington
à travers les arbres entre chien et loup
et j'irai vers mon père
le soleil cognera dans la terre
les brisants du vent font craquer les jointures
nous entendons les locataires
traîner des pieds au-dessus de nos têtes
nous jouerons aux dames sur la terrasse
- taquinerons bon papa -
écouterons à la radio
les nouvelles de la nuit*

*amis, co-mortels -
n'ayez crainte - la vie s'accroche actuellement
comme de la viande à nos corps
mais la mort ne couvre pas de honte -
nos allées et venues
sont comme l'eau du robinet
comme des sons préférés
comme nos allées et venues :
nos ossements connaîtront la liberté -
venez*

*dans ma mort dans mon cheminement vers mon père
à Wellington où les anges
pêchent de grosses étoiles à l'asticot -
mourrons - périssons et soyons joyeux :
mon père tient une grande pension de famille*

Lory dien ook op die keurkomitee van die Franse uitgewer Actes Sud; hy lees die meeste van die Afrikaanse romans wat jaarliks gepubliseer word en stel tekste vir moontlike vertaling voor. Sy Afrikaans-Franse vertaalpaar is te danke aan sy vroeë blootstelling aan Nederlands,

sy loopbaan as diplomaat en sy politieke oortuigings; hy was gedrewe om die skryftaal te bemeester van outeurs, soos Breyten Breytenbach, met wie hy kon identifiseer. Soos Pierre-Marie Finkelstein, het Lory sy Afrikaans in Suid-Afrika kom leer; daar is geen instelling in Frankryk waar Afrikaans aangeleer kan word nie. Dit is 'n uitdaging waarvoor 'n toekomstige geslag Franse vertalers uit Afrikaans ook te staan sal kom.

Pierre-Marie Finkelstein is in 1957 in Dakar, Senegal, gebore. Hy studeer tale en sosiolinguïstiek en doseer 'n tyd lank Frans as vreemde taal in Suid-Afrika. Hy vertaal direk uit Afrikaans na Frans; sy ambisie is om “sogenaamde skaars tale minder seldsaam te maak.” Sy metode vir die verwerwing van 'n seldsame taal lê in die aanleerproses, wat sonder onderrig of handleidings moet geskied.⁸ Wat Afrikaans betref, was die metode blykbaar suksesvol, want Finkelstein wen in 2006 die Prix Amphi vir sy direkte vertaling van Karel Schoeman se *Afskeid en vertrek / La saison des adieux* en in 2009 die Prys vir die Beste Buitelandse Boek⁹ vir Schoeman se *Hierdie lewe / Cette vie*. Sy Afrikaanse vertaalvermoë is te danke aan 'n natuurlike gawe vir taalverwerwing en waarskynlik 'n affiniteit vir Schoeman se tematiek. Die 4 vertalings uit sy pen was miskien ook 'n dapper poging om Schoeman onder die aandag van die Nobelpryskomitee te bring; sedert Mei 2017 beskaam daardie hoop egter, omdat die prys slegs aan lewende skrywers toegeken word.

Die trio vertalers wat hierbo genoem is, is almal Franse burgers (Donald Moerdijk, die gebore Suid-Afrikaner, woon al 63 jaar in Frankryk). Dit is egter ook moontlik om teen die vertaalkonvensie in te gaan en as Afrikaanssprekende na Frans te vertaal. Die proses het sy eie uitdagings, soos die afwesigheid van goeie tweetalige woordeboeke. Die enigste Afrikaans-Franse woordeboek is 'n dun volume deur B. Strelen en H.L. Gonin wat uit 1950 dateer en nou Africana-status het. Vertalers in hierdie taalpaar het egter lankal aanvaar dat hulle sonder die gewone vertalershulpmiddels moet klaarkom en vermag dieselfde as die bevoorregte vertalers in die Frans-Engelse taalpaar, wat elke moontlike CD-rom en spesialisleksikon tot hul beskikking het. Die mees onlangse voorbeeld (in Oktober 2017) is die publikasie deur die bekende Franse uitgewer, Seuil, van Deon Meyer se *Koors* as 'n grotendeels direkte vertaling uit Afrikaans in Frans deur **Catherine du Toit**¹⁰, met die vry

⁸ www.prixamphi.over-blog.com (19 Oktober 2017)

⁹ Prix du meilleur livre étranger, 2009.

¹⁰ Hoof : Afdeling Frans, Universiteit van Stellenbosch.

vertaalde titel *L'année du lion* (*Die jaar van die leeu*)¹¹. Du Toit is ook bekend vir haar direkte Franse vertalings van *Bitterkomix* (deur Conrad Botes en Anton Kannemeyer), *La bande à Foster / Die Fosterbende* (deur Conrad Botes en Ryk Hattingh) en *Rats et chiens* (deur Conrad Botes).

Wat die vertaling van *Koors* navorsingswaardig maak, is dat Seuil die publikasiedatum vervroeg en die laaste deel van die roman aan 'n Franse vertaler toevertrou het, wat dit uit die Engelse weergawe vertaal het. (Lesers van die roman merk weliswaar op dat die hoeveelheid Engels in die teks dit eerder 'n tweetalige roman maak). Dit is sowel 'n direkte vertaling uit die Afrikaanse bronteks as 'n indirekte vertaling van die Engelse vertaling deur KL Seefers, en word as volg op Seuil se webwerf aangekondig¹²:

Traduit par: Catherine du Toit

Traduit par: Marie-Caroline Aubert

[...]

Traduit de l'afrikaans et de l'anglais par Catherine Du Toit et Marie-Caroline Aubert

Paratekstuele elemente soos beskryf deur die Franse narratoloog Gérard Genette in sy werk *Seuils*¹³, dit wil sê: woorde wat nie deel is van die outeurstekste self nie en deur die uitgewer bygevoeg word, is 'n essensiële onderdeel van Vertaalstudies. Die titelblad van *L'année du lion* bevestig dat die teks direk en indirek vertaal is, maar die teks bevat natuurlik geen aanduiding van waar die direkte vertaling ophou en die indirekte vertaling begin nie, wat dit problematies sal maak vir 'n student wat 'n vergelykende vertaalstudie van die drie tekste (die Afrikaanse bronteks, die Engelse vertaling en die Franse vertaling deur Du Toit en Aubert) wil maak.

Du Toit, wat Meyer persoonlik ken, is 'n kampvegter vir direkte vertalings van Afrikaanse tekste in Frans, deur Afrikaanssprekende vertalers in die besonder. Die meerderheid van Deon Meyer se romans is indirek, via Engels, in Frans vertaal (in Vertaalstudies bekend as 'n *abbavertaling*). Meyer skryf in Afrikaans en vertaal nie sy eie tekste in Engels (soos André Brink) nie. *Koors* is egter nie die eerste direkte vertaling van 'n Meyer-tekste nie; daardie eer

¹¹ Deon Meyer, *L'année du lion*, Seuil, Paris. Traduit par Catherine du Toit et Marie-Caroline Aubert.

¹² <http://www.seuil.com/ouvrage/l-annee-du-lion-deon-meyer/9782021365085> (5 November 2017)

¹³ *Seuils*, Seuil, Paris, 1987.

behoort aan Georges Lory, wat *Ikarus* as *En vrille* vertaal het. ‘n Ander paratekstuele enigma is of die eerste direkte Meyer-vertaling selfs verder teruggeneem kan word, na *Spoor*, in Frans vertaal as *A la trace*. Die teks sou oorspronklik direk uit Afrikaans vertaal word deur Donald Moerdijk. In haar proefskrif meld Steyn (2014:63) dat die vertaling vir hom ‘n groot uitdaging was. Volgens privaat inligting is sy vertaling uiteindelik nie deur die uitgewer aanvaar nie. Een hipotese (omdat slegs die vertaler en die uitgewer die manuskrip onder oë gehad het) sou wees dat die bejaarde Moerdijk meer aanklank gevind het by Van Heerden se temas en register as by die taalgebruik van kontemporêre Suid-Afrika, met sy mengsel van Afrikaans en Engels en verskeidenheid idio- en sosiolekte. Die uitgewers moes inderhaas van ‘n indirekte vertaler, Marin Dorst, gebruik maak. Die beskikbare paratekstuele elemente is in hierdie geval verwarrend: die webwerwe van vooraanstaande boekhandelaars en selfs die onbesproke katalogus van die BNF¹⁴ (die Franse Nasionale Biblioteek, waarin ‘n kopie van elke boek wat in Frankryk gepubliseer word, bewaar word) meld dat Donald Moerdijk die roman direk uit Afrikaans vertaal het of, alternatiewelik, dat Marin Dorst vir die Franse vertaling uit Afrikaans verantwoordelik was. Dorst is egter nie Afrikaans magtig nie en het die Franse vertaling op die Engelse weergawe van KL Seegers baseer.

Ook wat Georges Lory se 2016-vertaling van Dominique Botha se *False River / Valsriver / Rivière fantôme* betref, is die paratekstuele elemente op die voorblad en titelblad (*traduit de l’afrikaans / uit die Afrikaans vertaal*) misleidend. Lory was onder die indruk dat die Afrikaanse weergawe die bronteks was, en het dus onwetend ‘n indirekte vertaling gepleeg.

Dit staan nog te besien of die volgende Deon Meyer-vertaling steeds direk sal wees. Die Franse vertaling van *Orion, Les Soldats de l’aube*, het as indirekte vertaling deur Robert Pépin¹⁵ van die Engelse weergawe, *Dead at daybreak* in 2003 die Groot Polisieroman-prys¹⁶ en in 2004 die Prix mystère de la critique gewen.¹⁷ Finkelstein en Lory het ook literêre pryse met hul direkte vertalings gewen ; hul publiek is net meer beperk. Ten spyte van Unesco se aanbeveling dat:

¹⁴ Bibliothèque nationale de France.

¹⁵ <http://www.seuil.com/ouvrage/les-soldats-de-l-aube-deon-meyer/9782020488822> (2 November 2017)

¹⁶ Grand Prix de littérature policière.

¹⁷ http://www.lemonde.fr/livres/article/2017/10/19/deon-meyer-refait-societe_5203056_3260.html

As a general rule, a translation should be made from the original word, recourse being had to retranslation only where absolutely necessary,¹⁸

en die insentief van groot pryse vir direkte vertalings in Europa, is die laer tarief vir vertalings uit meer algemene tale soos Engels, in vergelyking met die hoër tariewe wat vir eksotiese minderheidstale soos Afrikaans betaal word, by uitgewers 'n oorweging. Vertalers uit Engels in Frans word naamlik €2 minder per bladsy betaal, wat by 'n dik roman soos Dan Sleigh se *Eilande*, wat nog nie in Frans vertaal is nie, 'n wesenlike verskil maak. Dit is interessant om in die lig van hierdie praktiese oorwegings weer Antjie Krog se siening van die magsverhouding tussen tale in *A change of tongue*¹⁹ te lees:

Perhaps translation is one of the most accurate barometers of the power of a language. It seems to her that works are usually translated from weaker into mightier languages. The more a language is threatened, the stronger the urge becomes to translate from that language. The mightier the language, the stronger the urge to be translated into that language. England or America could not be bothered how many of their major works are translated into other languages, whereas Holland, Sweden, Germany, France not only ensure that books by J.M. Coetzee, John Updike, John le Carré, Chinua Achebe are translated into their languages, but also that the important works in their own tongues are translated into English.

She realizes that translation is therefore one of the key strategies for survival - not only for writers and publishers, but especially for a language itself. If it does not develop a strong translating tradition, it can shut up shop, because some of its best writers will leave. If power shifts turn English into the language where people meet, then writers in the smaller languages should demand the right not only to write in their own language, but to be translated in order to form part of all the voices of their country.

Volgens Krog se beskrywing is Frans nie een van die “magtige” tale nie (sy konsentreer op Engels), maar dit is natuurlik 'n belangrike wêreldtaal wat danksy Frankryk se koloniale verlede die skryftaal van 'n groot aantal lande in die wêreld is. In die taalpaar onder bespreking hier is Frans duidelik die magtiger een van die twee. Wanneer Krog se analise op

¹⁸ Unesco: “Recommendations on the legal protection of translators and translation and the practical means to improve the status of translators” (22 November 1976), http://portal.unesco.org/en/ev.php-URL_ID=13089&URL_DO=DO_TOPIC&URL_SECTION=201.html (3 November 2017)

¹⁹ Krog, Antjie, *A change of tongue*, Random House, 2003, pp269-70.

Afrikaans van toepassing gemaak word, kom 'n ander patroon na vore: die aantal vertaalde titels uit Frans na Afrikaans, van 'magtige' na 'geringe' taal, is veel meer as andersom, byna asof vertalers Afrikaanssprekende lesers literêr selfonderhoudend wou maak, maar nie dieselfde behoefte gevoel het om Afrikaanse literatuur aan lesers in ander tale bekend te stel nie. Die inisiatief van PEN Afrikaans²⁰ om fondse te bewillig om die vertaalproses uit Afrikaans na ander tale te vergemaklik, is een van die eerste daadwerklike pogings om verkeer in die ander rigting, Afrikaans-Frans, te stimuleer.

Catherine du Toit vertaal natuurlik ook van Frans na Afrikaans: sy is die dryfkrag agter 'n veeltalige vertaalprojek van gedigte van een van die grootste Malgassiese digters, Jean-Joseph Rabearivelo, wat eersdaags in bundelvorm verskyn en waarby die meeste van die plaaslike Frans-Afrikaanse vertaalpraktisyns betrek is. Vier van die Rabearivelo-gedigte word in die oorspronklike Frans met 'n paar reëls van die Afrikaanse vertaling deur Laurinda Hofmeyr gesing op 'n nuwe CD wat in Oktober 2017 vrygestel sal word, *Afrique mon désir*. Dit is die eerste vertalings van Rabearivelo sedert sy selfdood in 1937.

Die enigste ander vertaler uit Afrikaans in Frans is ekself. Benewens kortverhale van Rentia Bartlett-Möhl en Clinton V du Plessis wat in die tweetalige Citybooks-reeks verskyn het, is daar die twee *Afri-Frans* CDs, 'n versameling bekende Afrikaanse liedjies wat in opdrag van die begeleier en produsent Matthys Maree vir 'n verhoogproduksie vertaal is. Die stem en gesig van *Afri-Frans* was die Malgassies-gebore sangeres Maude Myra (Rakotondravohitra gedoop) wat in die volgende videoknipself, getiteld *Afri-Frans2 dokumentêr* (wat tydens die opnames in Switserland gemaak is), kort uittreksels uit die tweede CD sing.

Uit bronne wat versamel is vir die samestelling van 'n *Ensiklopedie van literêre vertalings in die taalpaar Afrikaans-Frans* (in beide rigtings) is dit duidelik dat daar veel meer vertalings uit Frans na Afrikaans (direk en indirek) as andersom is. Die eerste vertaling dateer reeds uit 1919 (Henry Bordeaux se *Bang vir die lewe*, vertaal deur Jan FE Cilliers), terwyl DF Malherbe se vertaling van Emile Augier en Jules Sandeau se klug, *Die skoonseun van Meneer Poirier*, in 1926 by die destydse Grey Universiteitskollege as 'n amateurproduksie opgevoer is, volgens 'n knipsel uit die *Volksblad*. Afrikaanse vertalers uit Frans sou deur die loop van die eeu sommige van die mees vertaalde skrywers in wêreldletterkunde, soos Jules

²⁰ <http://www.litnet.co.za/reglement-vir-die-pen-afrikaans-vertaalfonds/>; <http://www.litnet.co.za/pen-afrikaans-ajv-2017-verslag-oor-die-pen-afrikaans-vertaalfonds/> (22 Oktober 2017)

Verne en Alexandre Dumas, deel maak van die Afrikaanse vertaalkanon. JPL Krige se vertaling van *Die klein prinsie* in 1957 is kronologies 18e²¹ gelys van die 335 vertalings wat tot dusver verskyn het. André Brink se eie romans het soms onder die sensors deurgeloop, maar sy uitgebreide versameling vertalings van veral die speurverhale van Georges Simenon, is skynbaar moeiteloos gepubliseer en het sy reise deur Europa befonds. Nagraadse studente aan die Universiteit van die Vrystaat was verantwoordelik vir die eerste verteenwoordigende vertalings van Franse digters soos Arthur Rimbaud (Dr Daleen Krige) en dramaturge soos Florian Zeller (Elouise du Toit).

Die Sestigters het gesorg vir die grootste bloeitydperk in die Frans-Afrikaanse vertaalkuns, en dit oor alle genres heen; ook drama het nie agterweë gebly nie, onder andere danksy Bartho Smit se vertalings van Eugène Ionesco en andere. Ook in vertalings uit Frans na Afrikaans word daar indirek vertaal met behulp van Nederlandse, Duitse en Engelse vertalings. Indirekte vertalings is 'n manier om veral dramatekste doelmatig vir 'n sekere publiek en produksie te vertaal en om, soos in die geval van Nico Luwes se skreeusnaakse verwerking vir die Facts-geselskap van Molière se *Le malade imaginaire* as *Ipekonders*, sewentiende eeuse teater lewend te hou op die Suid-Afrikaanse verhoë.

'n Tweede bloeitydperk vir vertalers is ingelui met die koms van beeldradio na Suid-Afrika. Om die kykure te vul, is oorklankings van oorsese TV-reekse gemaak, waarvan *La demoiselle d'Avignon* / *Die meisie van Avignon* vir baie Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners onmisbare kykstof was. Die omgekeerde aspoestertjie-verhaal van 'n *au pair* wat inderwaarheid 'n Koerlandse prinses was, het gedurende die 1980's die Franse departementshoof, Professor Hannes Joubert, se *au pair*-program 'n onverwagte hupstoot gegee. Na die 1994-verkiesings is hierdie reekse, wat in die SAUK-argiewe bewaar is, onherstelbaar beskadig. Dit sou egter moontlik wees om karakters uit reekse soos *Die meisie van Avignon* en *Les brigades du tigre* / *Die tierbrigade* te laat herleef op 'n wyse wat selfs meer kultuurvriendelik en "eerlik" is, naamlik met die gebruik van onderskrifte eerder as oorklanking, sodat die outentisiteit van die brontaal en -kultuur behou kan word. Die kwaliteit van die beeld, selfs van 'n nuwe, digitale meesteropname, is egter nie waaraan kykers vandag gewoond is nie. Dit sou moontlik wees om met befonding van privaat TV-kanale kontemporêre Franse TV-reekse te ondertitel. Die vraag moet egter gestel word of Afrikaanssprekendes werklik 'n behoefte het aan onderskrifte en oorklanking van Franse

²¹ <http://www.petit-prince-collection.com/lang/translations.php?lang=fr> (1 November 2017)

reekse en films in hul moedertaal. In Europa en die Verenigde State word ondertiteling en oorklanking as onderafdelings van dramavertaling beskou, wat nuwe werks- en navorsingsmoontlikhede skep. Phyllis Zatlin beskryf dit as volg:

As subfields of theatrical translation, subtitling and dubbing offer real possibilities for earning a steady income, and in the future the demand for specialists should continue to grow worldwide. The application of sub-titles and dubbing to film has been the subject of considerable commentary, including substantial research into how rapidly spectators may be expected to read and process titles. In recent years counterpart methods have been applied to stage productions [...]²²

Selfs Afrikaanssprekendes wat dikwels na kunsfilms kyk, is nie daaraan gewoond om dit met Afrikaanse onderskrifte te sien nie. Ter illustrasie kan daar gekyk word na 'n kort uittreksel²³ van die 2012 Michael Haneke-film *Amour*, wat as 'n UV-Honneursprojek ondertitel is deur Marlizel Howard.

In die ongereguleerde, onseker wêreld van literêre vertaling in die taalpaar Frans-Afrikaans in Suid-Afrika, is die een luukse dat die vertaler meesal sy eie tekste kies. Vertaling is stil, eensame werk; dit is miskien waarom ek graag dramas en liedjies vertaal, want op die verhoog kry die woorde op papier weer lewe en klank. By gebrek aan videoknipsels van *Oskar en die pienk tannie*, *Monsieur Ibrahim en die blomme van die Koran* en *Pa*, bring ek graag hulde aan twee sangers, Herman van den Berg en Jolette Odendaal, wat onderskeidelik Jacques Brel en Edith Piaf op die verhoog geïntepreter het. Ek bedank hiermee ook my eertydse kollega Prof Bernard Odendaal, wat die omdigter van my direkte vertalings was. Hiermee 'n allegaartjie van kort uittreksels uit die produksie *Brel & Piaf: Paryse tweesang*, in 2011 opgeneem in die Atterburyteater in Pretoria.

In 2017 is die PEN Afrikaanse Vertaalfonds op die been gebring. Dit word finansiëel ondersteun deur die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO), wat deur middel van die befondsing van vertaalregte die vertaling van Afrikaanse tekste na tale soos Engels, Frans, Duits, Sweeds, Nederlands en Spaans bevorder. Vertaalverkeer in die taalpaar onder bespreking was grootliks eenrigting oor die afgelope 100 jaar, naamlik van Frans in Afrikaans. Die PEN Vertaalfonds wil die stroom herlei. Die redes vir hierdie eenrigting-

²² *Theatrical translation and film adaptation : a practitioner's view*. Multilingual matters, Clevedon, 2005:124.

²³ In hierdie uittreksel probeer die eggenoot van 'n vrou wat beroerte gehad het deur die vertel van 'n anekdote bepaal of sy haar lewe wil beëindig.

verkeer word histories verskillend geïnterpreteer. Hier is twee sienings, eerstens dié van Marilet Sienaert-Van Reenen wat in haar gepubliseerde proefskrif, *Die Franse bydrae tot Africana-literatuur 1622-1902*²⁴, noem dat

[...] Franse belangstelling in Suid-Afrika teen [die einde van die Anglo-Boereoorlog] 'n besliste verandering begin ondergaan het. Waar die Franse hulle vroeër tot die pioniersvolk in Suid-Afrika aangetrokke gevoel het weens dié se Hugenotebloed, en 'n gevoel van solidariteit met hulle gekoester het teen die gemeenskaplike Britse vyand, en Franse avonturiers ook deur die land se jagpotensiaal en die ontdekking van goud en diamante gelok was, het hulle houding weens politieke omstandighede ná die Eerste en veral die Tweede Wêreldoorlog verander. (1989:14)

Georges Lory stem saam dat die Anglo-Boereoorlog histories die meeste belangstelling in Frankryk gewek het (Paul Kruger is as 'n held ontvang in Frankryk; strate in Parys is vernoem na Christiaan de Wet, die Transvaal en Villebois-Mareuil). Volgens Lory moes die Boereoorlog vergoed vir die nederlaag wat die Franse in 1888 by Fachoda in Suid-Soedan teen Kitchener gely het. Vervolgens het Louis Botha en Jan Smuts se pro-Britse beleide die Franse politici en die publieke mening belangstelling laat verloor. Wat Afrika betref, het Frankryk op die Frankofone literêre wêreld begin fokus.

Die toekenning in 1980 van die Prix Médicis Étranger aan André Brink se roman *'n Droë wit seisoen (Une saison blanche et sèche)* het Suid-Afrika weer 'n onderwerp van bespreking in Frankryk gemaak. Georges Lory is van mening dat geen ander Afrikaanse skrywer voor Brink die moeite werd was om te vertaal nie. Hierdie is 'n belangrike stelling, omdat Franse vertalers lede van vertaalkeurkomitees is, asook kandidate vir toekomstige vertalings, en omdat die PEN-regulasies nie die vertaling van ouer tekste uitsluit nie. Die vraag is aan Prof Henning Pieterse van die Departement Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat gestel watter Afrikaanse tekste voor en na 1980 volgens hom vir vertaling in Frans sou kwalifiseer. Sy lys bevat die volgende titels:

Voor 1980:

Dwaalstories (Eugène Marais)

Enkele gedigte en al die natuurwetenskaplike tekste van Eugène Marais

²⁴ Human & Rousseau, Kaapstad, 1989.

Enkele gedigte van C.L. Leipoldt, veral “Oom Gert vertel” en “Van Noodt se laaste aand”

Verskeie gedigte van Elisabeth Eybers

Enkele gedigte van Uys Krige

Enkele kortverhale van Van Melle

Nuwe verse en Tristia (Van Wyk Louw)

21 (Jan Rabie)

Verskeie verse van Peter Blum

Etienne Leroux se hele oeuvre

Mahala (Chris Barnard)

Die ambassadeur (Brink)

Kanna hy kô hystoe en enkele gedigte (Adam Small)

Verskeie kortverhale van Hennie Aucamp

Jaarringe en Ontmoeting by Dwaaldrif (Henriette Grové)

Siener in die suburbs en *Die nag van legio* (PG du Plessis)

Verskeie gedigte van DJ Opperman

Antjie Krog se hele oeuvre

Verskeie kortverhale van PJ Haasbroek

Van vergetelheid en van glans en *Die kremetartekspedisie* (Wilma Stockenström)

Verskeie gedigte uit Sheila Cussons se oeuvre

Herman Charles Bosman: van sy verhale het eers in Afrikaans verskyn (vgl. *Verborgte skatte*, saamgestel deur Leon de Kock)

Ná 1980:

Verskeie gedigte uit TT Cloete se oeuvre

Verskeie gedigte uit Johann de Lange se oeuvre

Diepe grond, Mirakel en *Drie susters* (Reza de Wet)

‘n Ander land, Hierdie lewe en *Die uur van die engel* (Karel Schoeman)

‘n Wêreld sonder grense en *Die werfbobbejaan* (Alexander Strachan)

Sing jy van bomme (Ryk Hattingh)

‘n Basis oorkant die grens (Louis Krüger)

Faan se trein en *Die koggelaar* (Pieter Fourie)

More is ‘n lang dag en *Magspel* (Deon Opperman)

Enkele kortverhale van Koos Prinsloo

Enkele kortverhale van Rachelle Greeff

Kroniek uit die doofpot (John Miles)

Eilande (Dan Sleigh)

Niggie, Die boek van toeval en toeverlaat en *Vlakwater* (Ingrid Winterbach)

om te lewe is onnatuurlik (Gert Vlok Nel)

Die nomadiese oomblik en enkele gedigte uit *In die geheim van die dag* en *Al die lieflike dade* (Charl-Pierre Naudé)

Die eend en *Don Gxubane onder die Boere* (Charles Fourie)

Willem Anker se hele oeuvre

Rooiland (Tertius Kapp)

Kamphoer (Francois Smith)

Breyten Breytenbach se hele oeuvre

Verskeie gedigte van Ronelda Kamfer

Verskeie gedigte van Nathan Trantaal

Verskeie gedigte van Bibi Slippers

Enkele gedigte van Loftus Marais²⁵

Sommige van hierdie titels is reeds direk of indirek uit Afrikaans in Frans vertaal. Soortgelyke inligting sal in die toekoms geverifieer kan word in die *Ensiklopedie van Vertaling in die Taalpaar Frans-Afrikaans*. Vier van die tekste op die Pieterse-lys is dramas, 'n genre wat nie deel uitmaak van PEN se genre-voorskrifte nie. Die genres wat in aanmerking kom, is romankuns, poësie, kortverhale, narratiewe nie-fiksie (biografieë, geskiedkundige en aktuele werke) en teksgebaseerde kinder- en jeugboeke. Daar kon geen Afrikaanse dramas opgespoor word wat deur die loop van die afgelope 100 jaar in Frans vertaal is nie. Frankryk het 'n dinamiese en goed ondersteunde teaterkultuur; dit is jammer dat dramas van PG du Plessis en Willem Anker, om maar net hierdie twee dramaturge te noem, dus *de facto* uitgesluit is.

Anders as in die geval van romans, waar onderhandelinge tussen uitgewers of 'n uitgewer en 'n agentskap plaasvind (soos in die geval van Eric-Emmanuel Schmitt, outeur van *Oscar et la dame rose* en *Monsieur Ibrahim et les fleurs du Coran*), word dramas gewoonlik in opdrag van teatergeselskappe vertaal en word nie noodwendig gepubliseer nie; sommige vertalings bestaan slegs as kortstondige opvoerings. Frankryk bevorder die publikasie van kontemporêre dramas in die dramajournaal getiteld *Avant-Scène Théâtre*. Selfs 'n bekende dramaturg soos

²⁵ Lys per e-pos gekommunikeer op 13 Oktober 2017 en aangevul op 8 November 2017.

Florian Zeller se veelbekroonde drama *Pa* is in hierdie joernaal gepubliseer. Daarsonder kan voorgeskrewe tekste vir drama, taal- en vertaalkursusse nie opgedateer word nie en word 'n oorsig oor kontemporêre drama in vertaling skeefgetrek deur oorwegings soos die beskikbaarheid van tekste.

Die afskaffing van die streeksrade en die totstandkoming van die kunstefeeste het 'n geleentheid geskep vir dramavertalers, veral van eenman en -vrou stukke, omdat dit finansiëel minder riskant is en inpas by die kunstefeesformaat. Goeie voorbeelde hiervan is *Oskar en die pienk tannie* en *Monsieur Ibrahim en die blomme van die Koran*, met onderskeidelik Sandra Prinsloo en Dawid Minnaar. Vertaal- en opvoerrechte is egter duur, en mag met die verswakkende wisselkoers selfs meer onbekostigbaar word. Sonder 'n vertaalfonds wat vertalers van Frans na Afrikaans ondersteun, sal dramavertalers hul wend tot tekste wat in die publieke domein is, en waarvoor daar geen regte te betaal is nie. Hierdie tekste sal volgens Franse wet ten minste 70 jaar oud moet wees en sal dus geen kontemporêre stukke insluit nie.

Met betrekking tot die PEN-inisiatief is 2 belangrike oorwegings wàt die Afrikaanse vertaalbeleid is en watter vertalers in Frans en in die ander gelyste tale kan vertaal. 'n Meer inklusiewe vertaalbeleid sou dramas, strokiesprente, films, TV-reekse, liedjies ensovoorts insluit en riglyne gee wat teksseleksie betref; oor die afgelope 100 jaar het Afrikaanse vertalers uit Frans meesal self die inisiatief geneem. Hulle word nie soos hul Franse eweknieë op die keurkomitees van plaaslike en buitelandse uitgewers verteenwoordig nie. 'n Voorbeeld van teksseleksie sou wees dat die wenner van die Herzogprys in Suid-Afrika en die grootste literêre prys in Frankryk, die Prix Goncourt, outomaties vertaal word, so ook Franse en Frankofone skrywers wat die Nobelprys vir letterkunde wen. Hoewel daar onteenseglik 'n agterstand is in vertalings uit Afrikaans in Frans, sou vertalings uit Frans na Afrikaans, wat tot dusver grotendeels²⁶ (maar nie uitsluitlik nie) deur die Franse Instituut van Suid-Afrika (IFAS) befonds is, ook in aanmerking geneem moet word. Die meeste Suid-Afrikaanse vertalers is werksaam in hierdie vertaalrigting, en dit is ook die fokus in literêre vertaalmodules op nagraadse vlak.

Dit is nie duidelik wie vir die vertalings uit Afrikaans in Frans en veral in die ander tale op PEN se lys sal kwalifiseer nie. Vir die vertaling van Afrikaanse liedjies na Spaans en Italiaans

²⁶ Plaaslik dra onder andere NATI en die ATKV ook by tot die finansiering van vertaalregte.

op die *Afri-Spaans*- en *Afritalia*-CDs, kon geen Afrikaanssprekende vertaler in Suid-Afrika gevind word nie (die vertalings is uiteindelik deur die sangers self, die Kolombiaan Martha Gomez en die Italianer Christian Mangano uit Engels vertaal); romanvertaling in hierdie tale is dus huidiglik buite die kwessie. PEN gee voorkeur aan direkte vertalings, wat met ander woorde waarskynlik Nederlandse en Engelse vertalers sal bevoordeel.

Dit is uiteraard 'n bron van trots wanneer Afrikaanse tekste in wêreldtale vertaal word, maar eweneens dat 'n jong taal soos Afrikaans die liriese styl van die Nobelpryswenner Jean-Marie Le Clézio kan naboots met woorde en klanke wat die teks van 'n nuwe, outentieke klankbaan voorsien. Die laaste uittreksel²⁷ is uit Le Clézio se *Die Afrikaan*²⁸, 'n vertaling wat selfs voor die Engelse vertaling deur C. Dickson verskyn het:

En tog stap ek soms doelloos deur 'n stad se strate, en skielik, voor die deur van 'n gebou onder konstruksie asem ek die koue reuk van pasgegooide sement in, en ek is in Abakaliki se oornaghut, ek betree die skaduryke klein blokkie van my kamer en agter die deur sien ek die groot blou koggelmander wat deur ons kat verwurg en vir my as verwelkomingsgeskenk gebring is. Of anders, op die mees onverwagte oomblik, oorkom die reuk van nat grond in ons tuin in Ogoja my, wanneer die moeson oor die huis se dak dreun en waterstrome met die kleur van bloed strepe oor die gebarste grond trek. Bo die trilling van motors wat iewers in 'n straat in 'n verkeersknoop vassit, hoor ek selfs die sagte geruis van die Aiya-rivier.

Ek hoor joelende kinderstemme, hulle roep my, hulle is voor die heining, by die tuin se ingang, hulle het klippies en skaapwerwels gebring sodat ons kan speel, hulle het my kom haal om te gaan grasslange jag. Smiddae, na die rekeningkundefles by my ma, gaan sit ek op die sement van die veranda voor die bakoond van die witwarm lug om gode van klei te maak en in die son te bak. Ek onthou elkeen van hulle, ek onthou hul name, hoe hul hul arms omhoog hou, hul maskers. Alasi, die god van die donderweer, Ngu, Eke-Ifite die moedergodin, Agwu die terggees. Maar daar is nog veel meer van hulle, elke dag dink ek 'n nuwe naam uit, hulle is my chis, die geeste wat my beskerm en wat vir my by God gaan intree.

²⁷ In hierdie nostalgiese beskrywing dien sintuiglike gewaarwordinge as die sneller vir herinneringe uit die skrywer se kinderdae in Kameroen en Nigerië.

²⁸ Vertaling N Morgan. Sunmedia, Bloemfontein, 2010.

Ek gaan kyk hoe die koors in die skemerlug styg, hoe die weerligstrale in stilte tussen die grys skubbe van die vuurgekroonde wolke jaag. Wanneer die son heeltemal onder is, sal ek luister hoe die donderweer se voetstappe geleidelik naderkom, na die golf wat my hangmat laat swaai en my lamp se vlam uitblaas. Ek sal luister na my ma se stem wat die sekondes tussen ons en die slag van die donderweer aftel, en die afstand teen 'n snelheid van driehonderd drie en dertig meter per sekonde uitwerk. En dan die yskoue reënwind wat op volle sterkte oor die boomtoppe aankom: ek hoor die gekreun en gekraak van elke tak, die lug in die kamer word vol van die stof wat opslaan wanneer die water die aarde slaan.

Daar word dikwels gesê dat Afrikaans nie sal uitsterf solank die taal sprekers het nie. In sy *Discours antillais*²⁹ (Wes-Indiese-toespraak) uit 1981 sê Edouard Glissant³⁰ :

“[...] a nation reduced to the oral practice of their own language would be doomed to a cultural death, which is nothing more than the pale reflection of another type of very real agony.

Indien hierdie lesing u anders laat dink het oor die plesier en problematiek van vertaling, veral in die taalpaar Frans-Afrikaans, was 'n loopbaan gewy aan die bekendmaking van vreemde brontekste in bekende teikentekste die moeite werd. Soos Salman Rushdie, in 'n bekende aanhaling uit *Imaginary homelands: essays and criticism 1981-1991*, bly ek in vertaling glo:

“The word 'translation' comes, etymologically, from the Latin for 'bearing across'. Having been borne across the world, we are translated men. It is normally supposed that something always gets lost in translation; I cling, obstinately to the notion that something can also be gained.”³¹

Ek dank u vir u teenwoordigheid.

²⁹ Seuil, Paris. 1981 :316.

³⁰ In Ricard, Alain, *The languages and literatures of Africa*, James Currey, Oxford, 2004.

³¹ Penguin, 1992.